POLICY 030/2015 RAADSBELEID

ONDERWERP: BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID BESKERMENDE KLEREDRAG SPESIFIKASIES

VERWYSING: 4.6.4.2

BESLUIT NR: 16.6/12/2015 DATUM: 3 Desember 2015

BELEIDSOOGMERK: Om die uitreiking van beskermende kleredrag aan amptenare te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad wil 'n veilige en gesonde werksomgewing vir sy werknemers bevorder en onderhou.

RIGLYNE

1. Die Raad moet identifiseer watter beskermende kleredrag nodig is om vir die veilige uitvoering van hul pligte, aan werknemers uit te reik.

2. Die beskermende kleredrag wat identifiseer is, moet kosteloos aan werknemers voorsien word.

3. Beskermende kleredrag moet by indiensneming uitgereik word, voordat die werknemer met enige gevaarhoudende pligte begin.

4. Deeglike rekord moet van die uitreiking van beskermende kleredrag gehou word en Toesighouers wat beskermende klere uitreik moet die beskermende klerdragregister byhou. Die Beroepsgesondheid- en Veiligheidsafdeling moet kwartaalliks alle beskermende kleredrag-registers kontroleer en seker maak dat dit op datum en korrek is.

5. Beskermende kleredrag word uitgereik om die werknemer te beskerm teen gevaarhoudende situasies en die werknemer moet die beskermende kleredrag wat aan hulle uitgereik is, dra vir die aktiwiteite waarvoor die beskermende kleredrag in terme van hierdie beleid uitgereik is. Werknemers wat nie die beskermende kleredrag, wat aan hulle uitgereik is dra nie, maak hulle skuldig aan n dissiplinêre oortreding.

6. Toesighouers wat gevaarhoudende werksareas betree, moet sorg dat hulle ook beskermende klere dra om hulself te beskerm.

7. Beskermende kleredrag word vervang wanneer dit sodanig verslyt is dat dit nie meer aan die doel, waarvoor dit uitgereik is, voldoen nie.

8. Beskermende kleredrag bly die eiendom van die Raad en verslete kleredrag moet ingeneem word. Personeel wat die Raad se diens verlaat, moet alle beskermde kleredrag wat aan hulle uitgereik is, inhandig voor hulle die werkplek die laaste keer verlaat.

9. Beskermende kleredrag wat ingeneem is moet vernietig word, ten einde te verhoed dat dit weer in omloop kom en 'n gevaarhoudende situasie skep.

10. Werknemers is verantwoordelik vir die goeie en netjiese toestand van die beskermende kleredrag wat aan hulle uitgereik is en mag dit nie misbruik of kwaadwillig beskadig nie.

11. Beskermende kleredrag moet van goeie gehalte wees, ten eiende te verseker dat dit aan die doel beantwoord.

PROSEDURE

1. Die lys van beskermende kleredrag, soos per Bylae A, sal as riglyn dien vir die uitreiking van beskermende kleredrag aan werknemers. Die lys moet, soos en wanneer werksomstandighede dit vereis, hersien word.

2. Werknemers wat weens mediese redes nie die tipe beskermende kleredrag wat deur die Raad in vooraad gehou word, kan dra nie, moet vertoë, volledige gesteun met mediese verslae, aan die Hoof Beroepsgesondheid- en veiligheid rig, wat dit verwys na die Sentrale Beroepsgesondheid- en veiligheidskomitee. Die Direksie sal die vertoë oorweeg en 'n besluit neem oor alternatiewe aanvaarbare beskermde kleredrag.

3. Tydens die opstel van die jaarlikse begroting moet voorsiening gemaak word vir die koste van die beskermende kleredrag wat in elke afdeling benodig gaan word.

4. Toesighouers moet 'n nuwe werknemer by indiensneming met nuwe beskermende kleredrag uitreik en moet toesien dat die werknemer nie enige gevaarhoudende take uitvoer voordat die nodige beskermende kleredrag uitgereik is nie.

5. 'n Register, soos aangeheg in Bylae B, moet gehou word van alle beskermende kleredrag wat per afdeling uitgereik word en werknemers moet op die persoonlike beskermende kleredragregister teken vir beskermende kleredrag wat ontvang en ingehandig is.

6. Toesighouers moet verseker dat werknemers die beskermende kleredrag wat aan hulle uitgereik is dra, vir alle aktiwiteite watarvoor dit uitgereik is. Werknemers wat nie die beskermende kleredrag wat aan hulle uitgereik is, dra nie, moet in terme van die Raad se dissiplinêre beleid aangekla word.

7. Toesighouers moet die beskermende kleredrag op 'n gereelde basis inspekteer en vervang sodra dit sodanig geslyt of beskadig is dat dit nie meer aan die doel waarvoor dit uitgereik is, beantwoord nie.

8. Toesighouers moet beskermende kleredrag wat vervang word , inneem en op en op 'n veilige plek bewaar. Indien 'n werknemer die Raad se diens verlaat, moet die beskermende kleredrag wat aan hom uitgereik is, ingeneem word. Indien sodanige werknemer nie die beskermende kleredrag inlewer nie, moet die koste daarvan van sy finale salaris/betaling verhaal word.

9. Beskermende kleredrag moet kwaartaalliks aan die Magasynafdeling gelewer word, wat dit, onder toesig van 'n teenwoordiger van Interne Oudit, op 'n gepaste wyse sal vernietig.

10. Toesighouers moet toesien dat werknemers hul beskermende kleredrag in 'n netjiese en skoon toestand hou en dit nie misbruik nie. Waar misbruik of kwaadwillige beskadiging van beskermende kleredrag vermoed word, moet dissiplinêre stappe teen die werknemer ingestel word.

11. Tenderspesifikasies vir die aankoop van beskermende kleredrag moet die standaarde waaraan die kleredrag moet voldoen, spesifiseer. Spesifikasies moet op 'n gereelde basis deur die Sentrale Beroepsgesondheid-en veiligheidskomitee hersien word.

12. Oorpakbroeke en -baadjies sal afsonderlik in voorraad gehou word en afsonderlik aan werknemers uitgereik word, omdat die broeke vinniger verslete raak as die baadjies.

13. Spesifikasies van beskermende kleredrag sal soos volg wees:
13.1. Blou oorpakbroek met oranje weerkaatsers 23cm vanaf die onderkant (soom) van broek.
13.2. Blou oorpakbaadjie met oranje weerkaatsers tussen die elmboog en skouer.
13.3. Denim oorpakbroek met oranje weerkaatsers 23cm vanaf die onderkant (soom) van broek.
13.4. Denim oorpakbaadjie met oranje weerkaatsers tussen die elmboog en skouer.
13.5. Warmbaadjies met oranje weerkaatsers tussen die elmboog en skouer en naam van Munisipaliteit //Khara Hais voor op die bors.

14. Beskermende kleredrag wat daagliks gedra word, soos skoene, oorpakke, hoede, handskoene, ens, word aan 'n werknemer uitgereik. Dit is die werknemer se verantwoordelikheid binne die riglyne van die beleid en is nie uitruilbaar met ander werknemers nie.

15. Twee stelle van die beskermende kleredrag wat daagliks gedra word, word by indiensneming aan 'n werknemer uitgereik. Sokkies word vier paar uitgereik. Klere word vervang sodra die items sodanig geslyt is dat dit nie meer die doel as beskermende kleredrag dien nie.

16. Spesialiskleredrag soos sweishelms, versterkte lensbrille, gesigskerms, ens; wat slegs vir spesfieke take gebruik word, word in vooraad gehou en aan die persoon, wat die spesifieke aktiwiteit uitvoer, uitgereik.

17. Warmbaadjies word as 'n reël net aan personeel wat nagskof buitemuurs verrig en snags bystanddiens buitemuurs verrig, uitgereik. Enige ander werknemer wat sodanige baadjie verlang, moet vertoë, volledig gesteun met motivering deur die direkte toesighouer, aan die Hoof Beroepsgesondheid- en veiligheid rig, wat dit verwys na die Sentrale Beroepsgesondheid- en veiligheidskomitee. Die Direksie sal die vertoë oorweeg en 'n besluit neem.

ROLLE
1. Munisipale Bestuurder as Aanspreeklike Persoon in terme van die Wet op Beroepsgesondheid- en veiligheid, 1993, (Wet 85 van 1993).
2. Hoof Beroepsgesonheid- en Veiligheid as Aanspreeklike Persoon in terme van die Wet op Beroepsgesondheid- en Veiligheid, 1993, (Wet 85 van 1993) is verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.
3. Sentrale Beroepsgesondheid-en Veiligheidskomitee moet die hersiening van die beleid aan die Raad voorlê vir goedkeuring en spesifikasies vir beskermende kleredrag bepaal.
4. Alle Personeel in Bestuurs-of Toesighoudende poste moet toesien dat die beleid uitgevoer word.
5. Alle personeel wat beskermende kleredrag ontvang, is mede-verantwoordelik vir die uitvoering van die beleid.

HERROEPINGS / WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.